JOHANNESBURG CHURCH OF CHRIST

ALIAS

INTERNATIONAL CHURCH OF CHRIST

Met dank en erkenning aan MM Deacon & Ds C Müller
ICCTRA01

WIE IS DIE JCC?

Hulle het jou dalk al op kampus of by 'n ander geleentheid genader en na 'n "Bybelstudie" genooi. Na volgehoue druk besluit jy tog maar om te gaan luister. Later word jy na hulle kerk toe genooi. Nie lank nie en jy is vasgevang in 'n sekere denkwyse en verstrengel in 'n subkultuur waaruit dit moeilik is om weg te breek. Jou hele lewe word deur die groep gedomineer—jy het jou kerk verwerp, jou vriende afgelê en dalk nog jou ouers ook—om dit saam te vat: Jy het jou Isak geoffer! Dalk sal jy dit hewig ontken, maar in werklikheid diep binne-in jou wonder jy: **Is hierdie mense reg? Is al die ander kerke vals? Is ek nie besig om 'n fout te maak nie?**

Ons vertrou dat hierdie traktaat vir jou wat vasgevang sit in die JCC se leringe sal help om jou geloof in die groep se interpretasies van die Bybel te heroorweeg. Verder hoop ons dat dit ander jongmense wat nog nie deur die JCC genader is nie sal waarsku en inlig oor hierdie kerk se dogma en werkswyse. Dit is nie net studenteleraars regoor Suid Afrika wat oor die invloede van hierdie groep bekommerd is nie, dieselfde kommer word oral waar hierdie groep insypel gedeel. (Hulle is byvoorbeeld deur die London School of Economics verban a.g.v., die verwarring wat hulle gesaai het. Die Cape Times van 26 Apr 2000 berig dat hulle nie net deur verskeie VSA en VK universiteite verban is nie, maar ook deur die Universiteit van Kaapstad en RAU. Universiteit Pretoria is ook glad nie met hulle bedrywighede ingenome nie, aldus hierdie berig.)

Gevolglik spring huisgesinne nie vry nie. Ouers getuig van kinders wat verander, selfs buierig word en depressief, bekommerd en onbeheerbaar raak. Die stryd om uit te kom kan moeilik wees en selfs lank neem om vry te kom van die negatiewe invloede. Maar, danksy mense met die liefde en kennis kan jy gehelp word.

ONTSTAAN:

Vanaf die moederkerk in Boston (VSA) is in die laat sewentigs sendelinge wêreldwyd uitgestuur na kampusse. Die betrokke groep was 'n wegbreekgroep uit die gevestigde Church of Christ. Net soos in ander kultes speel sterk en charismatiese leierspersoonlikhede 'n belangrike rol. Die leier word so beskryf deur 'n kerk wat hom eers gesteun het: "Brother X has brought unbiblical practices, peculiar language and subtle deceitful doctrines to Charleston (USA)…" Sy naam word weggelaat omdat hierdie nie 'n betoog teen of aanval op enige persoon is nie, maar teen die dogma en werkswyse van die JCC.

DIE GROEP SE WERKSWYSE:

Beheer oor bekeerlinge word op verskeie maniere uitgeoefen:

- As nuwe dissipel ("disciple") staan jy onder jou dissipeler ("discipler") en moet jy hom ken in all besluite en keuses wat jy moet maak.
- Groepsdruk word gebruik, byvoorbeeld "broer so-en-so" het hierdie maand 10 Bybelstudies gelei en 12 nuwe dissipels gewerf."
- Skuldgevoelens word dus aangewakker: "Sal ek dit ooit kan doen?"
- Intimidasie: Indien jy nie volgens hulle vereistes "perform" nie kan jy geïntimideer word.
- Vrees dat jy nie goed genoeg sal wees is die natuurlike gevolg.
- Misleiding: Jy word nie "right up front" vertel wat alles as nuwe lid van die JCC van jou verwag gaan word nie. Anders as Paulus wat skryf: "Ek skaam my nie oor die evangelie nie, want dit is die krag van God tot redding van elkeen wat glo" (Rom 1:16) word aanvanklik nie oop kaarte gespeel met belangstellendes oor wat die JCC werklik glo nie. Jongmense vind selfs maande later uit dat hulle eers deur die JCC gedoop moet word om gered te kan word. Is dit eerlik?
- Infiltrasie: Bestaande Bybelstudiegroepe en ander kerklike aktiwiteite word geinfiltreer en sodoende word beheer geleidelik deur lede van die JCC oorgeneem. Die gevolg—hulle dogma word aan bestaande groepe geleer.
- Moenie verbaas wees as 'n metgesel jou vergesel waar jy ookal gaan, selfs wanneer jy jou ouers vir 'n naweek gaan besoek.

Hierdie beskrywings is nie moedswillig of kwaadsprekend nie, maar is die gereelde ervarings van Christene oral.

WAT GLO HULLE?

1. VERGIFFENIS EN DIE EWIGE LEWE WORD NIE DEUR GELOOF ALLEEN VERKRY NIE, MAAR DEUR GEHOORSAAMHEID AAN GOD:

God die Vader bied sy Seun, Jesus Christus, as vrye geskenk uit genade aan, OMDAT Hy weet dat die mens nie in staat is om sy redding deur werke te verdien nie. (Ef 2:1; Rom 3:23) Jesus Christus word ons plaasvervanger: Sy verdienste word ons toegereken, MAAR ons straf word Hom toegereken. (2 Kor 5:18-19).

Hierdie genadige heil is 'n vrye gawe en kan alleen deur geloof in besit geneem word. (Joh 3:16; Ef 2:8-9; Gal 3:1-4; Rom 3:21-26; 6:23) Lees asb alle teksverwysings in konteks!

Dit is juis hierdie waarheid wat die ware evangelie skei van die vals Jesusse, geeste en evangelies van ander godsdienste, sektes en kultes. (2 Kor 11:3-4)

2. DIE JCC ALLEEN IS DIE ENIGSTE WARE KERK EN VERKONDIG 'N REDDENDE EVANGELIE WIE SE DOOP VAN DIE HEL KAN RED!

Die Woord leer ons dat GEEN kerk of mens 'n middelaarsposisie het nie! Slegs Jesus Christus alleen! (Joh 3:16; Hand 4:12) Geen kerk of persoon het al die waarheid nie. Maar vir 'n leier, kerk of groep om te beweer dat voor hulle ontstaan, in hierdie geval die JCC/ICC, daar geen ware kerk bestaan het nie is absurd! Met so 'n stelling impliseer die ICC dat daar voor hulle ontstaan in 1975 wêreldwyd vir eeue geen ware kerk, ware evangelie of geredde persoon was nie. Let op: Dieselfde aanspraak word deur die Jehova se Getuies, Mormone, Nuwe/Ou Apostels en alle ander kultes gemaak en is tipies van kultes.

3. DIE JCC KOPPEL VOORWAARDES VIR GEMEENSKAP MET GOD AS VOORWAARDE VIR KINDSKAP EN VERGIFFENIS:

God verwag enorm baie van die gelowige soos, "Wees heilig want Ek is heilig." Dit is egter 'n dwaling om al God se eise in die Skrif as eise vir redding te verstaan. Om kind van God te word is om Jesus Christus te vertrou (Joh 1:12). As kinders van God het ons talle verantwoordelikhede **omdat** ons kinders is en nie om kinders te word nie (Rom 12:1-4). Genade sluit werke totaal uit (Rom 11:6). Ewige sekerheid is ook die voorreg van elke gelowige (1 Joh 5:11-13). Dit word deur die JCC ontken—volgelinge word eerder gedreig met die idee dat dislojaliteit aan die groep redding tot niet sal maak.

4. VOLGENS DIE JCC WORD DIE HEILIGE GEES SLEGS TYDENS HULLE DOOP ONTVANG EN ALLEENLIK AS DIE DOPELING DIT GLO:

Dit is waar dat as 'n persooon nie die Heilige Gees het nie, hy nie gered is nie. (Rom 8:9) Die Bybelse waarheid is egter dat 'n mens met die Heilige Gees vervul word deur geloof (Ef 1:13; Gal 3:2) Die JCC dwaal in die opsig deur te impliseer dat die waterdoop deel is van die kern van die evangelie. Paulus sê egter in 1 Kor 1:17, "Christus het my **nie gestuur om te DOOP nie, MAAR** om die evangelie te verkondig." 'n Baie duidelike onderskeiding! As Paulus die kern van die evangelie wat ons RED verduidelik in 1 Kor 15:1-4 is daar geen melding van die DOOP nie.

Die evangelie volgens Johannes was geskryf met die doel dat mense gered sou word (Joh 20:31) en stel nooit doop as voorwaarde van redding nie, slegs geloof. Hou in gedagte dat Joh 3 se wedergeboorte deur Jesus verduidelik word as geloof in die gekruisigde Christus en nie in terme van waterdoop nie (Joh 3:15-16). Die frase 'gebore uit water" (Joh 3:5) verwys na die natuurlike geboorte (Joh 3:6) en nie na die doop nie. As ons nou iets by geloof byvoeg dan sou dit die hele Johannes evangelie weerspreek.

Die JCC gebruik Hand 2:38 om te "bewys" dat die ontvangs van die Gees op bekering en doop gebasseer is. In die Grieks is dit egter verstaanbaar (en in harmonie met die res van die Bybel) dat vergiffenis en die vervulling met die Heilige Gees (die SODAT in die vertaling) op die "bekeer" rus en nie op die "en laat julle elkeen doop nie". Die woord "bekeer" (Grieks "metanioa") beteken letterlik "verander julle denke" ('n sinoniem hier vir geloof en nie iets meer nie). In Petrus se hele preek oortuig hy die Jode dat Jesus wel die Messias was, (die opstanding bewys dit) en dat hulle dus hulle denke oor Hom moet verander. Die Jode het Hom kort tevore gekruisig menende dat Hy 'n godslateraar was. Petrus sê dus nou, "verander julle denke oor wie Jesus is". Die "bekeer" hier is dus nie 'n gevoel van jammerte of 'n morele opknapping van hulle lewe nie, maar geloof dat Jesus wel die Messias is. Daarom is dit ook nie onvolledig dat die woord "bekering" nooit in die Johannes evangelie voorkom nie, siende bekering sinoniem is met geloof as die woord in die konteks van redding gebruik word. Belangrik: 'n Woord het nie orals dieselfde betekenis in die NT nie. Konteks bepaal die betekenis.)

Een verhaal uit Handelinge maak dit heeltemal duidelik dat vervulling met die Heilige Gees plaasvind deur geloof VOORDAT die aanhoorders gedoop is, maar wel NADAT hulle die evangelie gehoor het (Hand 10:44-48). Lees ook Hand 16:31. In Hand 15:8-11 verklaar Petrus dat geen uitwendige seremonie nodig is om gered te word nie (in die geval die besnydenis), maar dat "Hy hulle harte deur GELOOF gereinig het…Nee, ons en ook hulle, glo dat **ons net deur die genade van die Here Jesus gered word**." Lees ook Paulus se bevestiging hiervan in Titus 3:5-7.

DIE BETEKENIS VAN DIE JCC DOOP

1. Die woord "bapto" vanuit die Grieks vertaal as "doop" impliseer nie noodwendig die uitwendige doop nie. (Luk 12:50)
2. Dat die wedergeboorte deur die Gees reddend is. Hierdie proses is die identifikasie tussen die gelowige en Jesus Christus wat deur die Heilige Gees bewerk is en gebeur die moment as iemand Jesus Christus as Verlosser vertrou. (1 Kor 12:13; Ef 1:3-14) Deur die werking van die Gees word ons een in Jesus se dood en opstanding en hierdie identifikasie red ons wel. (Rom 6:3-6) Let op daar is nie 'n druppel water in Rom 6 ter sprake nie. Nie eens al die water in die hele wêreld kan hierdie geestelike identifikasie — doop — bewerkstellig nie, SLEGS geloof. Sien ook Gal 3:26; Kol 2:12, geen water ter sprake nie.
3. 1 Pet 3:21—verwys na geestesdoop ("die doop is nie die afwassing van die vuilheid van die liggaam nie" m.a.w., nie 'n uitwendige handeling waarin water gebruik word nie.) Ook is dit tog duidelik dat dit die ark was waardeur Noag en sy gesin gered was "deur die water" (soos dit nou Christus is) en nie die water self nie.
4. Waterdoop is soos die ring in 'n huwelik. Dit is die getuienis dat ek nou aan iemand anders behoort. Dit was egter die "Ja" antwoord aan die huweliksbevestiger wat my trou (verbind) en nie die aansit van die ring nie. Net so het my verhouding met God begin toe ek "Ja" vir sy Seun, Jesus Christus, gesê het.

WAT IS GENADE?

Genade is nie goedkoop nie! Dit het God die Vader se Seun gekos. Dit bied Hy vryelik aan jou! Jy kan dit nie verdien nie. Dit is ook nie "maklik" om net te glo nie, aangesien die mens tog maar altyd vir dit wat hy wil hê wil werk. Hy wil sy kant bring. Dit is so met alle ander godsdienste gesteld. Bring jou kant en God/god sal jou beloon. Vir die Christen werk dit nie so nie.

Jesus sê vir haar: "Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo sal lewe al sterwe hy ook, en elkeen wat lewe en in My glo, sal in alle ewigheid nie sterwe nie…"

Glo Jy Dit." (Joh 11:25-26)

Uiteraard is die uiteensetting nie volledig nie, maar behoort dit die kernaspekte van hierdie groep se dwaling en eise te verduidelik. Versprei dit gerus in geheel verder.

Dit is raadsaam om nie met twee JCC-lede (die "disciple" & sy "discipler") saam in gesprek te tree nie weens die sterk moontlikheid van intimidasie.

'n Meer volledige brosjure oor hierdie groep is by ons te kry en vir inligting en ondersteuning oor kultes kontak:

KIES CIEC
Posbus 8009
EDLEEN
1625
Tel/Faks: 011-394-3080
E-pos: kies_ciec@telkomsa.net
Hierdie traktaat mag vryelik gekopieër word.